14 Okt
Uitgawe 2009/10/14

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Mag die Here julle ryk en oorvloedig maak in liefde vir mekaar en vir almal, soos ons ook teenoor julle is. (**1 Thess.3:12**). Wanneer ons vol van God se liefde is, sal dit oorvloei na ander. Dit is nie genoeg om net hoflik teenoor ander te wees nie, maar ook om op 'n aktiewe en voortdurende manier liefde aan andere te bewys. Ons liefde moet konstant groei. Indien jou kapasiteit om liefde te betoon onveranderlik gebly het vir 'n tyd, vra God om jou weer te vul, want Hy het nooit 'n tekort nie. Soek dan vir geleenthede om liefde aan andere te betoon. ***Vader, ek faal daarin om U liefde aan my medemens te betoon. Ek het so baie verskonings vir my handeling. Vergewe my asseblief. Ek wil U liefde aanvaar en dit met ander deel. Help my asseblief.***

Deurbraak : Vra in die Naam van Jesus

Die Raad van Lodi City het 5-0 gestem om pastore toe te laat om die verbode woorde 'in Jesus naam' te gebruik aan die einde van publieke gebede. Die oorwinning volg na maande van stemwerwery, petisies, betogings en byeenkomste te gunste van Jesus, beide in Lodi en landwyd. 'n Groep ateïste van Wisconsin het met 'n hofsaak gedreig indien die stad gebede in Jesus se naam gaan toelaat, maar die burgemeester en vier ander raadslede het die ateïste uitgelewer. In hierdie maand het vier stede in Kalifornië; Tehachapi, Tracy, Turlock, en nou ook Lodi gestem om vryspraak en publieke gebede in die 'naam van Jesus' toe te laat ten spyte van 'n hofsaak. (Webruimte: http://www.breakingchristiannews.com/articles/display_art.html?ID=7190, 02/10/09). ***Prys die Here vir die antwoord op gebed. Bid dat Jesus se naam verheerlik sal word in Amerika en die res van die wêreld. Bid dat Gelowiges sal aanhou om God se aangesig te soek en bid dat lande genees sal word.*** (**2 Kron.7:14**).

Bid vir jou gemeenskap : Huishoudings

Baie huishoudings is onder druk die afgelope tyd. Kinders weet nie altyd hoe om by verandering in hul huishouding aan te pas nie – hoe om geld te spaar, hoe om met minder sakgeld oor die weg te kom, om na 'n ander area te trek, ens. Sommige weerhou inligting van hul ouers omdat 'hulle nie ekstra druk wil plaas nie'. Tieners val soms in die strik van selfverminking, dwelm misbruik, ens. net om van hul omstandighede te ontsnap. (Webruimte: http://www.parent24.com/Content/Teen_13-18/care_nutrition/193/d1bbfc9fd103480499b4fb0dd3f09186/09-10-2009-01-51/%E2%80%98She_was_sniffing_drugs%E2%80%99, 13/10/09). ***Bid vir ouers: om effektief met hul kinders te kommunikeer; om verhoudings te bou op vertroue en onvoorwaardelike liefde; om God te soek vir wysheid en raad wanneer omstandighede moeilik is. Bid vir kinders: om God te vra om hul te help om maklik by moeilike omstandighede aan te pas; om kommunikasie met hul ouers en ander volwassenes oop te hou, om hul te ondersteun wanneer hulle in 'n stryd geworstel is.***

Suid-Afrika : Werkloosheid

Die bejaardes rek hul pensioen om te voorsien vir hul desperate werklose kinders en kleinkinders in die tyd van resessie en die hoë kos en elektrisiteitspryse wat inbraak maak op huishoudings se begrotings. Burgerverenigings en geleerdes sê dat werklose jongmense by hul bejaarde familie intrek om deur hul maandelikse pensioen van R1 010.00 ondersteun te word. Voedselpryse het met 17, 8 persent gestyg tussen Julie 2008 en Julie 2009. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=594&art_id=vn20091012102444711C220487, 12/10/09). ***Vra die Here om 'n weg te maak vir diegene wat werkloos is. Bid vir die voorsiening van werk en finansies.***

Internasionaal : Soedan

Soedanese Christene roep uit vir internasionale hulp nadat sewe Gelowiges gekruisig is deur 'n rebellie groep naby die grens van Uganda. Inwoners van dorpies het die liggame van die Christene naby die dorp Nzara in die Suide van Soedan gevind. Die *Catholic Herald* reken dat die hoof verdagtes in die moorde soldate van die *Lord's Resistance Army* kan wees. Die guerrilla vegters het ook by twee kerke ingegaan, die geboue ontheilig en verskeie jong mense ontvoer. 'n Biskop van die area het gevra dat Christene van alle denominasies saam sal bid vir drie dae sodat sulke dade tot 'n einde sal kom. (Webruimte: http://www.cbn.com/cbnnews/shows/cwn/2009/October/Christians-Crucified-in-South-Sudan/, 06/10/09). ***Vra God om dit wat in die natuurlike onmoontlik is om te doen, maar wel moontlik is in Sy koninkryk.*** (**Job.42:2**)

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com